DIE FW DE KLERK STIGTING

SENTRUM VIR GRONDWETLIKE REGTE

Handhawing van die Grondwetlike Akkoord

VERKLARING DEUR F W DE KLERK OOR DIE BEKENDSTELLING VAN DIE FW DE KLERK STIGTING SE SENTRUM VIR GRONDWETLIKE REGTE: JOHANNESBURG, 25 OKTOBER 2006

"Geagte Regters, Dames en Here

Ek wil u graag verwelkom by die Johannesburgse bekendstelling van die F W de Klerk Stigting se Sentrum vir Grondwetlike Regte.

Ons het hierdie plek – in die omgewing van die Grondwetlike Hof – gekies om ons Grondwet as sleutel tot toekomstige sekuriteit, vryheid en voorspoed vir elke burger van die land te beklemtoon. Ons het doelbewus die vrouetronk vir hierdie funksie uitgekies omdat ons ook die belangrikheid van ons Grondwet vir die armes en gemarginaliseerde mense van ons samelewing wil beklemtoon. Dit moet ons herinner aan die ongelooflike lang pad wat ons nog moet stap voordat al die mense van ons land al die regte van die Grondwet sal kan geniet.

Sommige mense het my gevra hoekom die FW de Klerk Stigting "nog 'n organisasie" gestig het wat die Grondwet wil bevorder. In hierdie verband wil ek graag drie punte uitlig.

Eerstens, alhoewel ek nou 'n gewone burger is met geen party-politieke affiliasie nie, glo ek dat ek steeds 'n duidelike residuele verantwoordelikheid het om my beste te doen om te help om ons nasionale akkoord, en die Grondwet van 1996, wat ek help onderhandel het, te handhaaf en te bevorder.

Ek sê al hierdie dinge, nie in die gees van 'n soort van besitlikheid ten opsigte van ons Grondwet nie. Ek sê dit in dieselfde gees as wat Albert Luthuli gesê het:

> "What is importrant is that we can build an homogeneous South Africa on the basis not of colour but of human values."

In dieselfde gees as wat Aartsbiskop Desmond Tutu gesê het:

> "A person is a person through other people."

In dieselfde gees as wat Nelson Mandela gesê het:

> "Never, never and never again shall it be that this beautiful land will experience the oppression of one by another."

Ons Grondwet behoort aan ons almal. Dit het taai onderhandelings geverg - aan en af - oor 'n tydperk van ses lang jare. Dit is aanvaar deur partye wat betekenisvolle meerderhede van al ons

gemeenskappe verteenwoordig het. Tydens die onderhandelinge moes alle partye pynlike toegewings en kompromieë maak.

Nadat die regering wat ek gelei het sy rol in daardie onderhandelinge klaar gespeel het, het dit die soewereine mag oorgegee - nie aan 'n ander politieke party nie - maar aan hierdie Grondwet!

Tweedens, het ons die Sentrum vir Grondwetlike Regte gestig oor die sentrale rol wat die Grondwet in die toekoms van ons nasie sal moet speel.

Ons glo nie daar kan ooit te veel organisasies wees wat die stigtingsdokument van die nuwe Suid-Afrika ondersteun nie. In die praktyk lyk dit egter of verskillende organisasies op verskillende stelle regte konsentreer.

Baie van hulle doen uitstekende werk op die gebied van Vigs, of kinderregte, of geslagsregte – maar daar is min organisasies wat werklik betrokke is by die bevordering van die volle spektrum van regte van die Grondwet. Daar is nog minder wat betrokke is by die regte wat die minderheidspartye in die Grondwet bevorder en onderhandel het. En tog, as ons wil hê dat ons grondwet moet slaag, moet dit vir almal van ons werk - vir die meerderheid en vir minderhede.

Derdens, het ons op die stigting van die Sentrum vir Grondwetlike Regte besluit omdat talle sleutelregte bedreig word:

- Aan die einde van verlede jaar het die regering kommerwekkende konsep-wysigings aan die Grondwet voorgestel. Volgens baie regslui en kommentators vanoor die hele spektrum, kon dié konsepwetgewing die onafhanklikheid van die regsbank ernstig knou. Gelukkig het wyse raad geseëvier en word die konsep-wysigings nou heroorweeg.
- Ons kan egter nie die stemme ignoreer wat aan die einde van verlede jaar daarvoor gevra het dat die regsbank homself moet sien as "deel van die massas, verantwoordbaar aan hom, en geïnspireer deur sy hoop, drome en waardestelsels" nie. As dit ooit die geval moet wees, watter hoop op geregtigheid sal daar ooit kan wees – vir al ons gemeenskappe – wat nie deel van hierdie massas is nie? Alhoewel ons howe breedweg verteenwoordigend van al ons mense ingevolge Artkel 165 van die Grondwet moet wees, moet hul enigste verwysingsraamwerk die Grondwet en die wet wees – nie die een of ander seksionele belang nie.
- In dieselfde asem sou die konsep Regdsdienste Kode, wat 'n paar maande gelede vrygestel is, summier die balie afskaf. Dit sou 'n raad instel wat die regsberoep verteenwoordig wat, en vir alle praktiese doeleindes deur die Minister van Justisie aangestel word. Ook dit sou ernstige gevolge vir die onafhanklikheid van ons regsprosesse inhou.
- Daar was ook vroeër vanjaar gerugte oor die toekoms van die provinsies. Alhoewel sommige provinsiale regerings ontsettende swak diensleweringsrekords het, vorm die provinsies 'n sentrale deel van ons grondwetlike bestel. Hulle speel 'n belangrike rol daarin om te verseker dat die regering doeltreffend kan reageer op streeksverskille – insluitend die verskaffing van dienste aan mense in die taal wat hulle kan verstaan. Hulle help om alternatiewe sentrums vir mag te skep en bring regering nader aan die mense. Om al hierdie redes moet ons die beginsel van subsidiariteit ondersteun – die beginsel dat die regering tot op die laags moontlike vlak afgewentel moet word, vanwaar dit doeltreffend bestuur kan word.
- Ons kan ook nie die planne van die ANC, om die kwessie van eiendomsregte voor sy volgende Nasionale Gesamentlik Konferensie in 2007 te heroorweeg, ignoreer nie. Die vraag wat oorweeg moet word, is of die eiendomsklousule in die Grondwet "wat deur ons aangeneem is en in die 1996 nasionale grondwet bevestig is, nog steeds van toepassing is". Dit is duidelik dat enige poging om die eiendomsklousule te wysig – met sy versigtige balans tussen onteiening in nasionale belang en die legitieme belang van eiendomseienaars – verreikende gevolge sal hê.
- Daar heers ook kommer oor die vryheid van spraak. Volgens die mening van die meeste joernaliste en kommentators, sal die voorgestelde wysigingswetsontwerp op Films en Publikasies

die vryheid van spraak ernstig ondermyn. Die media se grootste kommer is dat die wysiging die vrystelling van sensorskap en ander bepalings van die Film en Publikasiewet, wat die gedrukte en uitsaaimedia vir 40 jaar geniet het, sal verloor. Die resultaat sal wees dat die media onderworpe sal wees aan voor-publikasie sensorskap deur die Film- en Publikasieraad.

- Die probleem is nie die Wet se oënskynlike doel om op kinderpornografie toe te slaan nie – maar die feit dat die skrywers daarvan ook 'n verbod teen haatspraak daarby gevoeg het. Terselfdertyd het het hulle probeer om die Grondwet te omseil deur die kritiese kwalifiseerder dat "haatspraak" die "aanhitsing om skade te berokken" verwyder. Dit beteken dat feitlik enige omstrede uitspraak wat na ras, geslag, etnisiteit of geloof verwys, aan sensorskap onderwerp kan word.
- Die ICASA Wysigingswetsontwerp sal aan die Minister van Kommunikasie die mag gee om raadslede te kies, die sake daarvan te bestuur en die finansies van die Onafhanklike Uitsaaiowerheid van Suid-Afrika te beheer. Dit sou duidelik die onafhanklikheid van 'n instelling wat geskep is ingevolge Hoofstuk 9 van die Grondwet om "regverdigheid en 'n diversiteit van uitgangspunte wat breedweg verteenwoordigend is van die Suid-Afrikaanse samelewing", te bevorder, ernstig weerspreek.
- Ons het onlangs gesien hoe belangrik dit is dat ons die onafhankllikheid en onpartydigheid van ons nasionale uitsaaier moet verseker. Verlede week het die Groep Uitvoerende Hoof, mnr Dali Mpofu, 'n vurige toespraak gemaak waartydens hy verklaar het dat "neo-liberalisme" die vyand is. Hy bepleit skynbaar 'n openlike stryd tussen die idee van 'n liberale demokrasie en die "meer gemeenskapsgeoriënteerde aanslag wat in Afrika gesetel is". Die punt is dat enige poging om 'n ideologiese aanslag op die nasionale uitsaaier af te dwing – ongrondwetlik sal wees.
- Taalregte is ook onder druk. Byvoorbeeld, die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Wes-Kaap het, vir alle praktiese redes, die gebruik van Afrikaans in al sy strukture verbied – selfs in dele van die provinsie waar 95% van die bevolking Afrikaans praat. Die Sentrum vir Grondwetlike Regte het regsopinie bekom wat daarop dui dat hierdie aksie waarskynlik onwettig en ongrondwetlik is.
- Ons is ook bekommerd oor die regering se mislukking om aan hofbevele uitvoering te gee – veral in die Oos-Kaap. Die betrokke staatsamptenare doen dit onder die valse indruk dat hulle nie weens minagting van die hof aangekla kan word nie.
- Ons het onlangs in die Wes-Kaap gesien dat pogings deur die provinsiale regering aangewend word wat duidelik op die funksionele en institusionele integriteit van die Kaapstadse munisipaliteit inbreuk maak, blykbaar in stryd met artikel 41 (1) (g) en 151(4) van die Grondwet.

Gelukkig is baie van hierdie bekommernisse nog aan kommentaar en debat onderworpe. In 'n aantal gevalle neem die regering die teenkanting van rolspelers in ag en probeer hy aanvaarbaare oplossings kry. Ek verwelkom dit. Maar ons moet almal deel wees van hierdie debatte. Ons moet besef dat dit ook onafwendbaar is, soos wat omstandighede en magsverhoudings verander, dat daar pogings sal wees om die Grondwet aan te pas.

Alle sodanige pogings moet egter met die grootste omsigtigheid benader word. Die 1996 Grondwet verteenwoordig 'n nasionale akkoord wat die basis van nasionale eenheid vorm. Enige poging om van sleutel-regte en demokratiese praktyke ontslae te raak, sal baie ernstige gevolge vir sowel nasionale eenheid as vir internasionale vertroue inhou.

Onder al hierdie omstandighede is daar geen twyfel aan die noodsaaklikheid vir waaksaamheid nie.

Die uitdaging is dat ons die Grondwet vir almal moet laat werk. Soos ons hoofregter Pius Langa onlangs opgemerk het, is die Grondwet, sonder twyfel, 'n dokument gerig op transformasie. En met reg is een van die sentrale doelwitte om die samelewing te verander deur die voortgesette ongelykheid en oorgeërfde benadeling van soveel van ons mense, doelgerig aan te spreek.

Maar soos hoofregter Langa ook uitgewys het toe hy die huidige adjunk-hoofregter aangehaal het, "die betekenis van transformasie in juridiese terme is net so omstrede as wat dit moeilik is om te formuleer".

Ek sou aan die hand doen, dat die toekoms van ons nasionale akkoord - en veral van ons nuwe samelewing - tot ‘n groot mate bepaal sal word deur hoe ons howe uiteindelik betekenis en inhoud sal verleen aan die konsep van gebalanseerde transformasie.

Aan die een kant is dit noodsaaklik dat ons samelewing so vinnig moontlik vorentoe beweeg om gelykheid te bevorder - wat ingevolge Artikel 9 (2) van die Grondwet “die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede” insluit.

Aan die ander kant bevat die Grondwet ook die volle spektrum van regte wat noodsaaklik is vir die instandhouding van ‘n welvarende multikulturele demokrasie. Dit maak voorsiening vir die beskerming van die redelike kernbelange van al ons gemeenskappe en alle elemente van die samelewing.

Ons moet almal die transformasie - wat daarop gemik is om alle Suid-Afrikaners in staat te stel om al die regte wat deur die Grondwet gewaarborg word, te kan geniet - entoesiasties en aktief ondersteun. Wanneer transformasie egter misbruik word om ander grondwetlike regte te ignoreer of te verwater - veral as dit op ‘n rassegrondslag gedoen word - sal dit ‘n streep trek deur ons geskiedkundige akkoord, met vernietigende gevolge vir nasionale eenheid, rekonsiliasie en die langtermyn sukses van ons samelewing.

In praktyk beteken dit dat die howe voortdurend ‘n balans sal moet vind tussen die transformasie eise ten opsigte van die reg op gelykheid aan die een kant, en die noodsaak om die res van ons grondwetlike regte te handhaaf, aan die ander kant. Fyn balans is nodig:

- tussen die reg op gelykheid en die verbod teen onregverdige diskriminasie;
- tussen die behoefte aan grondhervorming om ongebalanseerde eiendomsverhoudings te herstel en die noodsaak om eiendomsreg te beskerm - waarsonder geen moderne ekonomie kan funksioneer nie;
- tussen die behoefte aan nasionale eenheid en die behoefte aan die vertroeteling van kulturele diversiteit; en
- tussen die vereiste van gebalanseerde verteenwoordiging van al ons gemeenskappe in ons openbare instellings en die behoefte aan die behoud van noodsaaklike kundighede en die bevordering van doeltreffende dienslewering.

Dit is om hierdie rede dat ons by die FW de Klerk Stigting besluit het om die Sentrum vir Grondwetlike Regte tot stand te bring. Dit het geen politieke affiliasie nie en sal die volle spektrum van regte, waardes en beginsels van die Grondwet bevorder.

Dit ondersteun bepalings in die Grondwet wat die gelykheid van mense, wat voorheen deur onregverdige diskriminasie benadeel is, bevorder. Dit aanvaar die behoefte aan gebalanseerde regstellende aksie en grondhervorming. Dit sal egter poog om te help verseker dat sulke beleidsrigtings op ‘n gebalanseerde manier geïmplementeer word, in ooreenstemming met die Grondwet in sy geheel.

Die Sentrum sal ‘n konsensus-soekende, nie-konfronterende roete volg en sal probeer om waar dit ook al moontlik is, sy doelwitte deur dialoog en oorreding te bereik.

Ek kan aan geen groter uitdaging dink as om die Grondwet te ondersteun en om dit vir al ons mense te laat werk nie.

Kom ons vat vanaand hande en aanvaar hierdie uitdaging.”